

Die restourasie proses

DIE HEERSKAPPY VAN JESUS CHRISTUS IN MY LEWE.**JESUS**

- Is Hy jou Verlosser?
- Is HY ook jou Heer?

Betekenis van “Heer.”

In die Nuwe Testament word die woord Heer uit die Griekse woord “KURIOS” vertaal.

Betekenis:

- Heerser.
- Baas.
- Koning.
- Opperste gesag.

Word stil en dink:

- Wat was jou belangrikste motief toe jy Jesus aangeneem het?
- Beskou die motief in die konteks van 2 Kor 7:10.

2 Kor 7:10 “Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood”

Ons motief, wat dit ookal was, het dus eintlik oor onself gegaan!

Oor wie gaan dit regtig **NOU** in jou lewe – **VANDAG** ?

Ware heerskappy van Jesus in ons lewe maak geen plek vir 'n persoonlike agenda nie.

Mat 16:24-25 “Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. ⁽²⁵⁾ Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.”

Fil 2:5-8 “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. ⁽⁶⁾ Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie ⁽⁷⁾ maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; ⁽⁸⁾ en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.”

- “gesindheid” praat van 'n hart ingesteldheid.
- “Homself ontledig” afstaan van Sy eie regte as God.
- “dienskneg” praat van om met Sy lewe in diens te wees van ander.
- “gehoorsaam tot die dood” praat van geen prys wat te hoog is om Sy Vader te behaag nie.

AS DIE KROON VAN GOD SE SKEPPING, HET EK TWEE BELANGRIKE BESLUIE WAT EK MOET NEEM:

1. Om in geloof Jesus as my Saligmaker aan te neem.
2. Om Jesus as Heer en Koning van my lewe aan te stel.

In die Bybel is daar geen verskil tussen die betekenis van kind en dienskneg nie.

“Maar Almal Wat Hom Aangeneem Het, Aan Hulle Het Hy Die Mag Gegee Om “Pais” = Dienskneg/Kind Van God Te Word, Aan Hulle Wat In Sy Naam Glo”. Joh 1:12

OM JESUS SE HEERSKAPPY IN MY LEWE TE AANVAAR BETEKEN:

- God se wil is belangrik – NIE MYNE NIE.
- Dit is 'n vrywillige posisie van totale onderdanigheid aan Hom.
- Ek teken my regte af.
- My tyd, talente, gawes, vermoë, ambisie, geld, roeping **MY LEWE** is 100% tot Sy beskikking.
- Ek word deur God se Gees gelei.

Rom 8:14 “Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.”

Wat ek vir myself moet uitmaak is:

- Wat het dit Jesus gekos ~ sodat ek Sy volheid van lewe kan ervaar?
- Wat is ek bereid om te gee ~ indien ek Sy volheid van lewe wil ervaar?

DIE PRYS VAN DISSIPELSKAP

Mat 10:37-39 “Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. ⁽³⁸⁾ En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. ⁽³⁹⁾ Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.”

Luk 14:25-30 “En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê: ⁽²⁶⁾ As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie: ⁽²⁷⁾ En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie: ⁽²⁸⁾ Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie? ⁽²⁹⁾ sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot ⁽³⁰⁾ en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.”

Mar 10:28-30 “Toe begin Petrus vir Hom te sê: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. ⁽²⁹⁾ En Jesus antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My en van die evangelie verlaat het nie, ⁽³⁰⁾ of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond, saam met vervolginge, en in die eeu wat kom, die ewige lewe.”

DIE VERSKIL:**Kind van God en Dissipel van Jesus. – JY KIES!**

Nie alle kinders van God is dus ook dissipels nie. Alle dissipels van Jesus is egter kinders van God.

Joh 15:15 “Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.”

Die Engelse woord vir dissipel is ook “BOND SERVANT”. Dit is iemand wat in Bybelse tyd na 7 jaar vrygelaat is as slaaf maar wat vrywilliglik na sy heer terugkeer uit lojaliteit aan hom.

Is jy bereid om die keuse te maak?

**IS JY BEREID OM TE BID:**

HERE JESUS, ek besef nou, al kon U minder van Uself vir my gegee het, het U gekies om U alles vir my op Golgota te gee. Ek besef U was nie gedwing nie, U het alles vrywilliglik afgelê. Uit dankbaarheid as waardering vir wat u vir my gedoen het en vandag bekeken, lê ek nou my lewe en alles wat ek besit voor U neer sodat ek U dissipel en vriend kan wees. Dankie vir die kosbare voorreg.

Amen.

